

27 Maart

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 2
Fokusgedeelte: Deut 2:7**

God straf, maar ontferm Hom nogtans

Vers 7 noem vier heerlike positiewe dinge. Oor wie sê God dit? Hy sê dit van die volk wat deur eie toedoen onder die oordeel van God veertig jaar in die woestyn swerf. Maar ons hoor nie van ontberinge, hitte en dors of hongersnood nie. Nee! “Die Here julle God het julle voorspoedig gemaak.” Hulle vee teel aan (Num 32:1). In die woestyn trek God Hom hulle omstandighede aan en voorsien in hulle behoeftes. Hy is by hulle sodat hulle niks kortkom nie. Hulle swerf veertig jaar in die woestyn rond omdat die Here hulle straf, maar dit is veertig jaar sonder enige gebrek.

Ons hemelse Vader tugtig sy kinders, maar ontferm Hom ook oor hulle. Daarom moet ons die hand in verbasing op die mond lê. Waar kry jy groter liefde as dit? Psalm 103: Die Vader wat Sy kind aanskou met teerder mededoë. Jesaja 54:7,8 “Vir ‘n klein oomblik het ek jou verlaat, maar met groot ontferming sal ek jou vergader” (vers 53).

Trek dit nou deur na jouself: My lewe is dor en droog soos die woestyn vanweë my sonde. Tog word ek nie verwerp nie. Kyk watter groot liefde het Jesus vir my aan die kruis bewys. Hy roep: “Ek het dors.” Hy is van God verlaat, maar dit was alles ter wille van my. So verkwik Hy my siel. So lei Hy my in die spore van geregtigheid (Ps 23). So troos en bemoedig Hy my. Jesus het my straf aan die kruis op Hom geneem. So lief het God jou dat Hy vir jou sorg te midde van sy straf en toorn oor die sonde.

Sing: Psalm 103:7

Ds LD Aucamp (Cullinan)